ALGEMENE JAGREëLS:

1. **Jaglisensie:** Niemand mag gewone wild jag nie tensy hy in besit is van ‘n geldige Vrystaat jaglisensie en dit by hom dra.

2. **Toestemmingsbrief:** Niemand mag enige wilde dier jag tensy hy onder die direkte toesig van die betrokke grondeienaar jag of sy skriftelike toestemming op sy persoon dra nie.

3. **Wild wat gejag mag word:** Die soorte soos op die teenblad uiteengesit**.**

4. **Wapens:** Dit is verbode om wild met ‘n outomatiese- of semi outomatiese vuurwapen te jag. ‘n 5.6mm(.22) geweer mag gebruik word.

5. **Honde:** Honde mag slegs gebruik word om gejagte voëls te gaan haal of aan te dui waar hulle is. Verder mag honde slegs gebruik word om ‘n dier wat op ‘n wettige jag gekwes is op te spoor of diere wat skade veroorsaak.

6. **Nagjag:** Gewone wild mag slegs gedurende die dag (‘n halfuur voor sonop en ’n halfuur na sononder) gejag word. Jagters moet in besit wees van ‘n geldige jaglisensie en die grondeienaar se skriftelike toestemming. Wild in Bylae 8 mag in die nag gejag word indien die jagter die skriftelike toestemming van die betrokke grondeienaar by hom dra**.**

7. **Vervoer van gejagte wild:** Gejagte wild mag slegs vervoer word indien die vervoerder ‘n geldige jaglisensie waarop die besonderhede van die gejagte wild ingevul is, of ‘n brief van die grondeienaar waar die wild gejag is by hom dra.

8. **Pyl en boog:** Dit is nie verbode om met ‘n pyl en boog te jag nie, maar ‘n pyl wat verdowingsmiddel of gif inspuit mag nie gebruik word nie.

9. **Gif:** Niemand mag met gif of chemiese middels jag nie**.**

10. **Uitheemse wild**: Niemand mag uitheemse wild sonder die skriftelike toestemming van die grondeienaar jag nie.

11. **Verkoop van wildvleis:** Slegs grondeienaars en slagters mag wild sonder ‘n permit verkoop.

GENERAL HUNTING RULES:

1. **Hunting licence:** No person shall hunt ordinary game unless he is the holder of a valid Free State hunting licence and carry it with him.

2. **Letter of permission:** No person shall hunt any wild animal unless he is under the direct supervision of the landowner or carry his written permission with him.

3. **Game that may be hunted:** The species of wild animals stated overleaf.

4. **Weapons:** It is prohibited to hunt game with an automatic or semi-automatic fire-arm. A 5.6mm(.22) fire-arm may be used to hunt all game.

5. **Dogs:** Dogs shall be used only to retrieve hunted birds or may be used as pointers. Furthermore, dogs may only be used in pursuit of a wild animal wounded during a lawful hunt or animals causing losses.

6. **Hunting at night:** Ordinary game shall only be hunted during the period starting half an hour before sunrise and ending half an hour after sunset. Hunters must be in possession of a valid hunting licence and written permission of the landowner. Game in Schedule 8 and wild animals other than game may be hunted during the night, provided that the hunter is in possession of the written permission of the landowner.

7. **Transport of hunted animals:** Hunted game may be transported if the person transporting them is in possession of a valid hunting licence on which particulars of the hunted game is indicated or a letter from the owner of the land where the game were hunted.

8. **Bow and arrow:** It is not prohibited to hunt with a bow and arrow, with the exception of an arrow injecting an intoxicating agent or poison.

9. **Poison:** No poison or chemical agent shall be used for hunting purposes.

10. **Exotic game:** The written permission of the landowner is required for the hunting of exotic game.

11. **Sale of venison:** Only landowners and butchers may sell venison without a permit.

GEWONE WILD WAT IN DIE NAG GEJAG MAG WORD(BYLAE 8):

ORDINARY GAME THAT MAY BE HUNTED AT NIGHT(SCHEDULE 8):

Springbok
Blesbok
Swartwildebees/Black wildebeest
Blouwildebees/Blue wildebeest
Gemsbok
Rooihartbees/Red hartebeest
Rooibok/Impala
Sebra/Zebra

DIERE WAT SKADE VEROORSAAK SOOS DIE ONDERSTAANDE LYS MAG DIE HELE JAAR EN NAG GEJAG WORD:

ANIMALS WHICH CAUSE DAMAGES, AS DEPICTED IN THE LIST BELOW, MAY BE HUNTED THROUGHOUT THE YEAR AND AT NIGHT:

Rooijakkals/Black-backed jackal
Silwer-/Draaijakkals/Cape fox
Rooikat/Caracal
Aap/Monkey
Springhaas/Springhare
Muishonde/Mongooses
Bobbejaan/Baboon
Ystervark/Porcupine

Alle wilde katsoorte, behalwe tierboskat, swartpootkat(Kleingekolde kat/ Miershooptier) en luiperd.

All species of wild cats with the exception of the Serval, Small spotted cat and Leopard